**29 April**
**Skrifgedeelte: Jeremia 17:5-10**
**Fokusgedeelte: Jeremia 17:6,8**

**Soos ‘n kaal bossie of soos ‘n groen boom?**

Die Here ken ons, Hy deurgrond hart en verstand (vers 10). Hy sien nie net wat ons doen en hoor nie, nie net wat ons sê nie, maar Hy ken ook ons diepste gedagtes, ons vrese, drome, sieninge en idees. Hy ken ons beter as wat ons onsself ken. Ons harte is regtig bedriegliker as enigiets anders (vers 9)!

Hy sien ons ook soos ons werklik lyk: soos ‘n kaal bossie in ‘n klipwoestyn of soos ‘n boom met groen blare langs die waterstroom! God wys vir ons ‘n skrille kontras tussen hierdie twee tekeninge van mense. Die een lyk byna leweloos in ‘n onherbergsame klipwoestyn waar niemand woon nie: kaal, alleen, skynbaar nutteloos.

Die ander een is vol lewe en kleur en groei! God wil ook meer doen as net skilder. Hy wat ons gedagtes ken en toets, leer ons waarom daar so ‘n groot kontras tussen hierdie twee soorte mense is. Daar rus ‘n vloek op die mens wat sy vertroue op nietige, sterflike mense stel. So ‘n mens lyk later soos ‘n kaal bossie. God spreek ‘n oordeel oor so ‘n mens uit. Jy kom bedroë daarvan af as jy op mense staatmaak om vrede en vreugde te kan kry.

God vra onverdeelde trou van ons (tweede gebod). Hy wil dat ons ons volle vertroue net in Hom sal stel, want Hy is vir ons ‘n veilige vesting! Hy maak lewe en krag en groei moontlik vir elkeen wat op Hom wag!

Kyk aandagtig na die twee tekeninge van mense. Is dit dalk ‘n vollengte spieël wat Jesus vandag voor jou vashou sodat jy jouself kan sien? Ek sien nie ander mense nie, maar my eie spieëlbeeld!

As ons mooi kyk, sien ons ook die hande wat die spieël vashou. Kyk, daar is spykermerke in daardie hande! Hy was aan ‘n kruis vasgespyker. Jy kan Hom vertrou !

*Sing: Psalm 40:3 Ds GNV Botha (Randburg)*